

11 Februarie

Skrifgedeelte: Jeremia 1:1-19

Fokusgedeelte: Jeremia 1:6-9

God rus ons toe vir elke opdrag en taak

Die Here roep ons deur sy Woord tot dienswerk in sy koninkryk. Die aard daarvan lê opgesluit in ons amp as gelowige naamlik profeet, priester en koning. Maar net soos baie van ons huiwerig is om 'n groot en verantwoordelike taak aan te pak, so het Jeremia ook gehuiwer voor sy opdrag. Waarom? Was dit beskeidenheid of dalk min selfvertroue? Die Here het Jeremia nie van sy roeping onthef nie. Huiwer jy ook soms voor dit wat jy weet jy in opdrag van die Here moet doen? Is dit omdat jy jouself as onbekwaam vir die taak beskou? In ons teks sê die Here aan jou: Jy is bekwaam, want Ek het jou daarvoor gekies en gee aan jou die krag, insig, en kennis wat jy nodig het en sal selfs die woorde wat jy moet spreek in jou mond lê. Onthou, jy is tot alles in staat deur Christus wat jou die krag gee (Fil 4:13). Daarom, voer maar gerus jou Christelike roeping en opdrag met vertroue en vrymoedigheid uit, want God belowe dat sy krag in jou swakheid volbring sal word (2 Kor 12:9).

Sing: Psalm 144:1

Ds DL de Beer (Emeritus)